De Akker
TEL: 883-3512
OPEN TILL LATE!

Die MATIE

REPUTABLE, EXPERT ADVICE AND THE BEST POSSIBLE SERVICE

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI NO 4 WOENSDAG 13 FEBRUARIE 2002

## AFRIKANERS IS PLESIERIG



Karen Zoid praat oor dwelms, rock en haar jaar van roem.

7

## KARNAVAL 2002 WAS GROOT



Alles en nog meer oor vanjaar se Karnaval.

10

## MATIES SE NUWE AFRIGTER



Phil Pretorius is die nuwe 'Dok' van Maties se rugby.

19

# US under pressure

MALAN RIETVELD

THE US has been told to address the diversity of its student profile.

Drastic reforms in the tuition of health sciences at the university could also be on the cards.

This comes after the release of the report on the Restructuring of the Higher Education System, conducted by the National Working Group (NWG), on Monday by minister Kader Asmal.

The NWG was established by Asmal in April last year to advise on the institutional restructuring of higher education. The report represents the NWG's recommendations to the minister.

If indeed the recommendations are to be implemented, there will be far-reaching implications for especially the health sciences, but also the performing and creative arts departments.

The most dramatic recommendation is that "the dentistry schools of the University of the Western Cape (UWC) and the US should be merged into a single school and should be located in a new institution."

There should also be close collaboration between this school and the medical schools of the Universities of Cape Town (UCT) and US. UCT and the US should also "establish a single platform for the teaching of the performing and creative arts."

The report also states "as far as transformation issues are concerned, the US "still has a long way to go". Progress with regards to the equity profile of the university's student body is slow.

"The NWG realises that Afrikaans remains the language of instruction and that this may be a barrier to access for many black students."

One of the suprising elements of the report is its reflection and recommendations on the "problem of underprepared Afrikaans-speaking students from rural areas who find it hard to get access to higher education. Given its medium of instruction, the NGW believes that the US should give special attention to enrolling en supporting such students."

The report also states that "a great deal" needs to be done to move towards a more satisfactory degree of representivity among academic and administrative staff.

The recommendations made concerning other provinces will also have an impact on the US.

The proposed merger of the Potchefstroom university for Christian Higher Education and the University of the North-West could be particularly significant. Many have argued that such a move could increase the number of Afrikaans-speaking students to the US.

The US was not prepared to comment on the report and will await the outcome of the South-African Universities Vice-chancellor Union (Sauvcu) meeting.



**STAMP DAAI BOUDE LAM!** Die dirigente van Nerina en Majuba is begeesterd by die eerstejaars swemgala.
Foto: JACO MARITZ

**20twenty**

*Lees op bladsy 4 hoe die Saambou-krisis studente raak.*

Professional Spinning & Aerobics Studio
(ABOVE DROS RESTAURANT)
Spinning Classes & Aerobic Classes every day
Special PILATES & COREBALL NEW
Student New Year's Special
12 month contract – R 99/month
- NO JOINING FEE - NO CARD FEE & GET FEBR FREE
Bring this ad and get a contract for R89/month – offer valid until end of Feb 2002
Offer valid until end of Feb 2002
Contact number: 882 9903 or 082 817 5415 all hours

Checkers
LAE PRYSE • WYER KEUSE • GROOT BESPARINGS
Maties Pryskarnaval
COCA-COLA 340ml BLIK
Karnavalprys 1 99 elk



TERWYL VOORRAAD HOU!
NOU BESKIKBAAR BY MILLSTRAAT, STELLENBOSCH
Betaal jou rekeninge en koop vooraf-betaalde elektrisiteit, sellulêre lugtyd en Telkom foonkaarte, terwyl jy inkopies doen. Besoek ons Money Market vir jou gerief!

• Student trek voornemende dief vas

# T'berg USBD-wag in hof

PIETER SMIT

'N WERKNEMER van die USBD word daarvan verdink dat hy probeer het om by 'n student se motor in te breek. Die voorval het op 13 Januarie plaasgevind.

Die student, Erlank Barnard, 'n finale jaar mediese student, het die USBD-werknemer betrap waar hy vermoedelik besig was om met 'n stuk draad in die boonste deel van die motor se venster te krap.

'n Saak is intussen gemaak teen die verdagte, wie se naam nog nie bekend gemaak mag word nie.

Volgens Barnard was hy en 'n vriendin, Franette de Villiers, Sondagoggend ongeveer 02:00 op pad van sy koshuiskamer na sy motor toe hy die verdagte opmerk langs sy blou Mazda 323.

"Ek het hom gekonfronteer en gevra wat hy besig is om te doen. Hy het eers gesê 'Nee, niks nie,' maar toe ek hom 'n tweede keer vra toe sê hy, hy 'kyk net'.

"Hy het die heeltyd baie skuldig en verdag opgetree. Daarna het ek hom gevra om my te vergesel na die USBD en hy het ingestem."

Volgens Barnard het die verdagte twee opsies gehad: indien hy sou skuld erken sou hy 'n kriminele aanklag vryspring, maar in die proses deur die USBD geskors word en alle kanse op toekomstige werk by die universiteit verbeur.

Indien hy egter skuld sou ontken, het mnr Barnard gevra dat die USBD 'n formele klag teen hom lê. Intussen het die USBD se ondersoekbeapmte, mnr Lourens le Roux, bevestig dat daar 'n interne ondersoek teen die verdagte geloods is.

Volgens Barnard was daar verlede jaar 'n voorval waar elf radio's op dieselfde dag uit motors op die Tygerberg-kampus gesteel is. Die studente op die kampus vermoed dat dit dalk 'n *"inside job"* kon wees. Daar bestaan egter geen bewyse daarvoor nie.

Op 'n vraag oor wat hy nóú van die USBD dink, het Barnard gesê "hulle was al daar wanneer jy hulle nodig het, so ek het goeie goed oor hulle te sê, maar ek dink hulle het ons al in die steek gelaat, waaroor ek omgekrap voel."

Die verdagte word op 22 Februarie verhoor.



**TUISGEBROUDE ROCK** Francois Badenhorst van die groep New World Inside by Saterdag se Black Label Battle of the Bands. Badenhorst en sy groep het as wenners uit die stryd getree.

Foto: JACO MARITZ

MATIES
FOREVER • VIR ALTYD

Die universiteit loods vanjaar 'n nuwe logo vir die woord "Maties". As deel van die US se korporatiewe beeld, is die beeld van die universiteit onder oënskou geneem en gemoderniseer. Die logo is aan die sportgemeenskap en studente voorgelê en die terugvoer was positief.

# Residence pubs closed – for now

MALAN RIETVELD

STELLENBOSCH prims are unhappy.

The new rector, prof Chris Brink, shocked the residence establishment at the official opening of the university, with his announcement that clubs and bars were to be suspended "with immediate effect".

The shock decision follows a legal investigation, which proved that "current practices cannot be guaranteed to be operating within the law".

The announcement was met with disappointment. Daniel Thomalla, prim of Eendrag, said that his residence had always operated "within the rules".

"We have a coupon system. No cash is ever involved and we only stock beer. Our pub is well managed and therefore I find this announcement unfair."

While most prims accept that the legality of pubs is a problem, many have expressed their disappointment with the way in which the announcement was made. Also, prims have pushed for further investigation into the matter.

Gerrit Cornellissen, prim of Huis Marais, warned that the closing down of clubs would only bring the problem of alcohol abuse closer to home. "With clubs closing down, drinking in the residences will increase."

Prof Brink stated that "further investigation into the matter" would be conducted. According to a statement, clubs will remain closed "until a satisfying solution with less risks is found".

"This is not a moral crusade of any kind. It is purely a matter of operating within the law," the rector concluded in front of a 4000 strong crowd.

"Personally I do not feel strongly on this matter either way, but I feel compelled to ask a different question, purely as a matter of risk management."

According to the statement, the manner in which clubs where operating, "(i) created a responsibility-risk and (ii) was not in all aspects in accordance with the Alcohol law."

## Bresler oplaas vry

JEANINE Bresler is uiteindelik vry.

Bresler, 'n derdejaar kunsstudent, is vrygespreek van aanklagtes van minagting van die hof. Die aanklagtes is as gevolg van dertien "minagtende of lasterlike" stellings in hul appèl teen 'n spoedboete van R150 wat aan haar opgelê is in 1999.

Me Bresler het egter getuig dat sy geen kennis gedra het van die inhoud van die appèl, wat deur haar pa, mnr Rynardt Bresler, geformuleer is nie. Me Bresler het tydens ondervraging deur die adjunk-direkteur van Openbare Vervolging, mnr Billy Downer, gesê sy was ten tye van die appèl onbevoegd om selfstandige denke te formuleer.

Me Bresler is uiteindelik verteenwoordig deur adv Lawrie Wilkin van die Regshulpraad, omdat sy nie oor die finansies beskik het om haar eie regskostes te dek nie.

Wilken het aan *Die Matie* verduidelik dat hy Me Bresler "glad nie as rassities ervaar het nie."

"Me Bresler is tevrede met die bevoegdheid van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Sy voel dat die uitspraak dit ook reflekteer. Sy is gelukkig dat geregtigheid geskied het."

*- (Malan Rietveld)*

*Simply the best*
The Muffin Corner
10 RYNEVELD STREET, STELLENBOSCH
Fifteen flavours to choose from!
Discount on large quantities!
R 2,30 & R 2,70
Tel. 883 8087

era
A/mazing Stuff
For clothing, accessories, gifts & stuff

10% AFSLAG OP ALLE SONBRILLE



LAMBERT FICK GENOTE
OOGKUNDIGES • OPTOMETRISTS
ANDRINGASTRAAT 83 STELLENBOSCH 7600 Tel. 887-4603/4

# PERSPEKTIEWE & dinge

“Het Suid-Afrika se eie sleepwa-monopolis hoofborg van Maties se Karnaval geword?”

# ’n Wenslysie vir die jaar

DIT IS AL laat genoeg in die jaar dat ’n mens al die meeste van jou nuwejaarsvoornemens oortree het. Dit ís egter nog vroeg genoeg om ’n paar wense vir die jaar 2002 uit te spreek.

Van my wense is klein dingetjies wat maklik bewaarheid kan word en ander is diepe versugtinge wat baie optimisties is. As die versugting teen die einde van die jaar net al nader aan vervulling is, sal dit wonderlik wees.


My eerste wens is van ’n praktiese aard. Ek hoop 2002 was die laaste keer dat enige nie-eerstejaarstudent in ellelange rye moet gaan staan om te registreer. ’n Mens kan deesdae elektronies koop, stem en bankdienste verrig. Daar is selfs onlangs ’n interkontinentale operasie met digitale toerusting gedoen. Tog moet ons nog jaarliks vir ure in toue staan om ’n paar vorms gestempel te kry en een of twee dinge in ’n rekenaar in te lees. Ek waardeer die stukkie persoonlike aandag wat jy vir een keer van jou dosente kry, maar daar is beter dinge om in daardie twee ure te doen. Laat dié wat voorligting oor vakkeuses nodig het dit vooraf kry, op hulle eie tyd.

### ’n Era van verligting

My volgende wens is dat ons nuwe rektor by sy gunsteling leesstof geleer het en dat ons nou ’n era van verligting op Stellenbosch sal ingaan. ’n Tyd waarin daar wyer gedink word as in die verlede en waar geykte sienings gemoderniseer word. Ook ’n tyd waarin relevansie net soveel as akademiese teorie op die voorgrond geplaas sal word.

Twee wense wat hiermee saamgaan, is dat daar nie ’n weerbarstige teenkanting teen alle verandering sal wees nie. Hierdie teenkanting het reeds kop uitgesteek onder baie studente wat vrees vir ’n nuwe bestel. Dit laat my dink aan mense wat in ’n donker grot vasgevang is, maar later so gewoond aan hul omgewing raak dat hulle te bang is vir die lig.

Aan die ander kant is my wens dat die wonderlike Stellenbosch-atmosfeer en kultuur nie opgeoffer sal word net om oningeligte kritici stil te maak nie. Die universiteit het in die afgelope maande kwaai deurgeloop onder kritiek uit die regering en die media sonder dat enige van die partye op ewewigte wyse die gegewens bekyk het. My wens vir verligting is dus net soveel op die media en regering gerig as wat dit op die studente en personeel is.



**JORIK**

**DEUR MY PERISKOOP**

> “Mag 2002 die groot terugkeer van legitimiteit wees waarna daar nou al die afgelope klomp jare verwys word.”

Om weer na ’n praktiese saak terug te keer. Ek hoop 2002 sal nie enige sinnelose infrastruktuur-“opgraderings” soos die spoedbulte in Victoriastraat inhou nie. Ek wonder soms of die mense wat met sulke “oplossings” vorendag kom ooit die straat gebruik, beide as voetgangers of as motoriste.

En dan ’n wens wat baie studente deel. Dis die wens om nie honger te ly, in vreemde plekke hoef te oornag, of sonder notas klaar te kom nie. Met ander woorde: mag die nuwe knapkaarte werk, oral. Die nuwe stelsel is beslis positief en mens hoop net implementeringsprobleme, wat gewoonlik nuwe stelsels vergesel, tot die minimum beperk sal word. Ek kan ook maar net hoop dat die probleempies wat die finansiële instelling wat die kaarte onderskryf tans ervaar, van korte duur is. Dit sal werklik jammer wees as *20Twenty* se planne deur sake buite ons beheer versuur word.

### Oplewing in *Intervarsity*

Op ’n sosiale front wens ek dinge soos *Intervarsity*, toneelkompetisies en sangfeeste sal ’n groot jaar hê. Dit is dié dinge wat Stellenbosch altyd sy atmosfeer gegee het en Maties saamgebring het vir goeie redes. My goeie wense gaan ook uit na die Karnaval-aktiwiteite. Mag daar ’n paar vernuwende idees kom hoe Karnaval sy eintlike begunstigede MGD, nie SAB nie, tot voordeel kan strek. Die karige bydraes van die vorige jare is teleurstellend as al die werk en moeite wat daarin gaan inaggeneem word.

Ook het ek ’n wens ten opsigte van ons studenteleierskap. Mag 2002 die groot terugkeer van legitimiteit wees waarna daar nou al die afgelope klomp jare verwys word. Ek wens meer as ’n kwart van studente sal vanjaar aan die verkiesing deelneem. Ek wens leierskap sal nie bloot studente-apatie blameer vir hul probleme nie, maar studente motiveer om iets sinvol te doen. En met sinvol bedoel ek meer as plakkate opsit en stoele regpak. Geen student bly lank geïnteresseerd as iets nie stimulerend is nie.

My voorlaaste wens het weer met die rektor se invloed te doen. Ek hoop prof Brink se beloofde oopdeurbeleid sal oral in die universiteit toegepas word. Sodoende kan nuwe idees en voorstelle dalk die lig sien, en nie telkens doodgewurg word deur vele lae burokrasie nie.

Laastens wens ek dat almal môre ’n wonderlike Valentynsdag sal hê, asook vele ekspedisies na die Laan gedurende die jaar.

## Kampus Quotes

**Lyk ek vir jou mal?**
– Student aan *Matie*-redaksielid op die vraag of sy vir *Die Matie* wil skryf

**Ek dog koshuise is pre-modern.**
– Filosofie-dosent aan tweedejaars tydens ’n lesing oor moderniteit

**Ek is eerder ’n koek op die tafel as ’n tert op die vloer.**
– Gehoor in die Neelsie

**Kompetisie? Nee, daar is geen kompetisie tussen ons nie. Ons speel die heeltyd met mekaar en spuit mekaar nat.**
– Me Matieland-finalis tydens ’n fotosessie

**It is optimistically referred to as a smart card.**
– Yvonne Malan

**F*k die burgemeester wat die klubs twaalfuur wil toemaak.**
– Akkedis by *Battle of the Bands*

**When in doubt, braai.**
– Toast Coetzer in ’n redakteursbrief van *Ons Klyntji*

**Studentegemeenskappe behoort sentrums te wees vir die opleiding van toekomstige leiers. Maar, sê ’n studenteleier op Stellenbosch, by ontgroening is die enigste “opleiding” dié om te verneder.**
– Maureen Joubert in *Sarie*

**Ons is in Afrika. Jy moet sweet.**
– *Matie*-redaksielid motiveer waarom die lugverkoeling afgeskakel moet word

**Ek kon sweer ek het nou die dag ge-*levitate*.**
– Student buite Dorpstraat-teaterkafee

**Nuwelinge moet met ope arms in dié gemeenskap verwelkom word. Hulle moet persoonlik en óók struktureel aangemoedig word om intellektueel op eie bene te staan: om anders en nuut te dink.**
– Jean Meiring in *Die Burger*

# GORRELKOP

*Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. En die kommentaar waarvoor almal bang is.*

**CHRISBRINK.COM**

GORREL WAS verheug toe ons nuwe rektor se 4x4 uiteindelik die Stellenbosch afrit vat. “Dis nou ’n man met ’n oop gesig daai – een wat sy sê kan sê,” in ouma-Gorrel se woorde.

Maar, kamerade, nie eens ouma sou kon raai dat hy saam met sy stap*bootse*, rugstoel vir ’n baba en Midnight Oil-CD’s ’n fenomeen ook ingepak het nie.

By www.chrisbrink.com sal jy ’n magdom inligting en ’n uitgebreide CV vind, kompleet met ’n stylvolle kiekie daarby.

En dan sluit hy sy webblad af met: “If you have any comments or questions please feel free to e-mail me. If you could keep your communication to one page or less I would be grateful.”

Gorrel is seker die *fanmail* (en *hatemail?*) stroom in – in meer as een bladsy op ’n slag.

*Sterkte met die papierwerk, prof Brink. Ons wag* gracefully *op* Chris Brink *t-shirts en koffiebekers wat mens op u webwerf kan koop!*

**VENSTERS OF VENTERS?**

GORREL SE selfoon sê toe laas Donderdagaand “Venters”.

Wat? “Ek het seker nou heeltemal te veel gedrink,” dog Gorrel met sy deurmekaar vensterskop. Het Suid-Afrika se eie sleepwa-monopolis hoofborg van Maties se Karnaval geword?

Of is dit Edith en Bill wat besluit het om ’n tjekkie aan die US uit te skryf en só hul stamboom trots te maak?

En *what next*?

Die Jürgens Woonwa-Bierfees (JWB) in 2003?

*NS: (Organiseerders, onthou net asseblief die* umlaut *op Jürgens se “u”).*

**(ANTI-)PIENK AGENDA OP DIE SR?**

DIE ONLANGSE uitreiking van ’n boek deur Christen-fundamentaliste gekant teen Suid-Afrika se “liberale” grondwet wat gay regte toelaat, het ’n hele paar pienk seuntjies warm onder die kraag gemaak.

Een seun wat egter klaarblyklik geen probleem met dié stukkie haatspraak toon nie, is ons eie SR-*toy boy* Clayton Stewart. Die ander dag stap Gorrel se maatjie in die SR-kantoor in, net om te sien hoe dié man homself heerlik vermaak met die einste *Pink Agenda*.

*Dít laat Gorrel met ’n ietwat pikante vragie. Is onse vriend Clayton dan nou ietwat homofobies, of dalk maar net ’n baie nuuskierige kêrel in die kas?*

**KOSHUISKRANE STYF TOEGEDRAAI**

GORREL SE koshuismaatjies is heel ontstoke oor die nuutste veranderinge op ons geliefde Akkerdorpie. Blykbaar mag dié tradisievaste seuns nie meer hul nuwelingmaats op “die goeie ou manier” verwelkom nie. “Genoeg om ’n man tot drank te dryf,” sê een koshuisman amper bewoë.

Maar o wee, daar draai Die Nuwe Geluid toe nog die alomgeliefde watergate se krane ook toe! Hoe nou gemaak?!

*Dalk word Stellenbosch se “provinsialisme” tussen koshuise darem die nek omgedraai en vorm ons manne één koshuisgees met Tollies as gemene deler.*

**EROTIKA IN DIE NEELSIE**

BY VERLEDE week se verenigingsuitstalling verlustig Gorrel hom toe in dié magdom afleidings wat Matiemense so mildelik van hul studies kan aflei. Een ding wat vir Gorrel veral beïndruk het, was die prentjies op Pulp se televisie. Omtrént wat my kattekwaad-tante “What you REALLY learn at Varsity” genoem het!

*Dalk net ’n klein oordeelsfoutjie om dié erotiese prentjies so reg in die soetseuns van Shophar oorkant die paadjie se neuse te vryf.*



## Die MATIE cl@ssifieds

**Karate and Tai’chi classes**
Study Japanese Karate-Jutsu and Chinese Tai’chi Chuan and Qi Gong. Classes available in Stellenbosch. Morning, evening and private lessons available. Enquiries: 083 462 9089 Jerome Petersen www.tai-chi.co.za

**Holistic Healing - Prana therapy**
Restore your body to a state of health. Rebalance your energetic system. Rid yourself of pain, stress and tension on all levels. Combined usage of Shiatsu, massage, auric cleansing and colour therapy. Contact Terry-Lynn Hawtrey 083 208 5584.

**Clean Supreme Domestic Services**
For the cleaning of houses and flats. Only R80. Call 072 2434 060 today.

**Braaidrom gesoek**
Enige braaidrom of Weber vir flat se balkon. Kontant aangebied. Bel 083 564 1299.




**WYATT EARP IN AKSIE** Prof Chris Brink, die rektor, neem 'n blaaskans ná hy doop en klubs bestorm het

■ **REDAKSIONELE KOMMENTAAR** NO 4 | 13 FEBR 2002

*Die* **MATIE**
ONAFHANKLIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH SEDERT 1941
INDEPENDENT STUDENT NEWSPAPER OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH SINCE 1941

## *'n Nuwe tradisie van diversiteit*

Sedert sy aanstelling het prof Chris Brink, die rektor, dit duidelik gemaak dat groot verandering vir Stellenbosch op pad is.

Breyten Breytenbach skryf in *die afvrot van die staat*: "Baie dinge sal nog verander,/ ander vlae sal nog sing,/ander ideologieë dalk marsjeer."

Wie sou twintig, selfs tien jaar terug kon dink dat Stellenbosch se rektor by die opening van die universiteit vir 'n meer diverse bestel sou vra. Meer kleure, tale, gelowe en seksuele oriëntasies – almal deel van één top akademiese instelling.

Uit onlangse lesersbriewe in dagblaaie blyk dit duidelik dat Brink se uitsprake en daadwerklike veranderings nie vir almal ewe soet op die oor val nie.

Daar is steeds diegene wat doop probeer verdedig met argumente soos "toe pa op Stellenbosch was het ons doop oorleef", "dit bou karakter tussen eerstejaars wat saam *suffer*" of "dit is deel van die Matie-tradisie wat nooit verlore mag gaan nie".

Die eerste twee weke was egter 'n bewys dat die lewe op Stellenbosch kan voortgaan sonder doop. Dit wil voorkom asof die meeste koshuise hulle by Brink se bepalings gehou en eerstejaars baie meer vryheid as ooit tevore gegun het.

Die nuwelinge lyk gelukkig en goed aangepas in hul nuwe omgewings – en dít sonder die vrees van seniors wat in jou kamer wag of middernagtelike uitstappies onder die invloed van alkohol.

Geluk aan die koshuise wat besig is met die kweek van hierdie nuwe tradisie. Een wat vrye denke aanmoedig, krities na die lewe kyk en waar 'n groep spontaan vorm uit die diversiteit van persoonlikhede op Stellenbosch.

Want slegs só sal die US 'n effektiewe platform skep vir sy studente om 'n stewige vastrapplek in die wêreld buite Stellenbosch te kry.

## *Hoe meer dinge verander, hoe beter*

In die gees van verandering het *Die Matie* ook 'n aantal uitleg- en inhoudwysigings gemaak.

Ons het gepoog om die koerant 'n meer aantreklike en maklik leesbare mondering te gee met 'n goeie balans van inhoud tussen indiepte artikels wat krities na Stellenbosch en Suid-Afrika kyk, en 'n groot skoot vermaak wat Maties se studentelewe so prettig moontlik kan maak.

In die nuwe rubriek, *Kwytraak*, sal daar in elke uitgawe met 'n interessante persoon 'n aktuele onderhoud gevoer word, terwyl ons voorts studente as gasskrywers gaan vra. Die hoofdoel van die koerant is na 61 jaar steeds dieselfde: om ons lesers krities ingelig te hou.

**hoofredaksie**

**HOOFREDAKTEUR** Adriaan Basson (adriaan@diematie.sun.ac.za) **ASSISTENT-REDAKTEURS** Hanno Botha (hanno@diematie.sun.ac.za) en Johan van Tiddens (johan@diematie.sun.ac.za)

**NUUS** Malan Rietveld (malan@diematie.sun.ac.za) **AKTUEEL** Johan Fourie (fourie@diematie.sun.ac.za) **INTERKAMPUS** Marie-Louise du Bois (ml@diematie.sun.ac.za) **STUDENTELEWE** Nerisa Coetzee (nerisa@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Darias Jonker (darias@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Jenny Theron (jenny@diematie.sun.ac.za)

**FOTOREDAKTEUR** Jaco Maritz (jaco@diematie.sun.ac.za) **ADVERTENSIEBESTUURDER** Nikki Ingwersen (nikki@diematie.sun.ac.za) **REKENAARBESTUURDER** Ferdie Bester (ferdie@diematie.sun.ac.za) **HOOFTAALVERSORGER** Adéle Kruger (adele@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Willem Samuels **JORIK** Dirk Visser (djfvis@iafrica.com)

**TEL** (021) 808-3539 **FAKS** (021) 808-3538 **E-POS** diematie@renet.sun.ac.za
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit van Stellenbosch, Matieland, 7602

**VOLGENDE UITGAWE** 27 Febr 2002 **SPERDATUM** 22 Febr 2002
**ADVERTENSIES** 083 623 5303 **OPLAAG** 8000

# BRIEWE LETTERS

Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1
Universiteit van Stellenbosch, Matieland, 7602
☎ Tel: (021) 808 3539 Faks: (021) 808 3538
e-pos: briewe@diematie.sun.ac.za

## Doop 'n bewys van Afrikaner se arrogansie

IN STOMME verbystering het ek die *Die Burger* en *LitNet* se briewekolomme dopgehou.

Dit is bykans ondenkbaar dat mense in hierdie dag en tyd nog die snert wat hulle ten gunste van doop kwytraak, hardop kan sê. En doop is dit: Op Stellenbosch bestaan daar nie iets soos oriëntering nie. Hoe 'n geteer en geveer jou kan help om kampus te leer ken, weet nugter.

Wat veral ellendig is, is die kommentaar van sogenaamde leiersfigure. Verskeie prims, SR-lede en selfs professore, het gesê hulle vrees koshuisgees gaan verdwyn.

Behalwe dat niemand nog kon sê wat presies koshuisgees is nie, dui só 'n stelling op 'n identiteitskrisis en 'n gebrek aan selfvertroue. As jy die rond*shunt* van mede-studente, nagparades in bergpasse en sielkundige aftakeling nodig het om vriende te maak en vervuld te voel, het jou mondering 'n swak plek.

Die mens is 'n groepswese – dis die natuurlikste ding onder die son om na ander mense uit te reik en in mekaar se wel en weë belang te stel.

Doop kan dus net nog 'n bewys wees van Afrikaner-arrogansie.

En almal wat so veg vir tradisies: Wat daarvan as dit verlore gaan? Berei dié tradisies studente voor om verantwoordelike landsburgers te wees? Moedig dit individualiteit aan? Dit lyk nie so nie.

En hoe kan die uitgesproke Christelike Nasionale Forum, in hul verklaring oor prof Chris Brink se openingstoespraak, kla oor die inperkings van doop? Moet hulle nie, as Christene, verdraagsaamheid, opregtheid en nederigheid bepleit nie? Of verstaan ek die definisie van Christenskap verkeerd?

Dit is tragies dat geweld, drank, eiers en meel belangriker as intellek, gesonde verstand, logiese denke en vooruitgang geword het.

Tragies inderdaad.

**Jacolette Kloppers**
**Kaapstad**

## Brink skend menseregte op 'bestaansvlak'

DIVERSITEIT. 'n Baie goeie beginsel wat toegepas kan word in die lig van die politieke verwikkelinge in ons land.

Ons land bestaan uiteraard uit 'n diverse groep mense – mense van verskillende agtergronde, kulture, tale, ens.

Nou vra ek die vraag: beteken die feit dat ons diversiteit moet implimenteer ons moet net die idee aanvaar en nastreef, of eerder dat ons onsself moet verloën ten bate van politieke korrektheid?

As ek 'n gedeelte van ons nuwe rektor, prof Chris Brink, se toespraak kan aanhaal: "Ons sal onsself 'n guns doen as ons wegkom van die eksklusiewe idee van moedertaal-Afrikaanssprekend, na die inklusiewe idee van Afrikaansmagtigheid."

Dit is myns insiens 'n totale miskenning van wie en wat ek is. Beteken dit dat diversiteit nou van my 'n NIKS maak?

Ek is 'n Afrikaanssprekende met 'n Afrikaanse agtergrond en 'n Afrikaanse kultuur, wat wél Engels-magtig is.

Ons geagte rektor het by die geleentheid sy eie toespraak weerspreek deur in een sin te sê die Universiteit van Stellenbosch moet Afrikaans as 'n wetenskapstaal uitbou, net om in die volgende sin te sê dat Afrikaanssprekendes nie kan aanspraak maak op die feit dat hulle Afrikaanssprekendes is nie, maar eerder dat hulle (ons) Afrikaans-magtig is.

Met ander woorde, ek is nóg Afrikaans-, nóg Engelssprekend, om nie eens van die ander nege amptelike taalgroepe in ons land te praat nie. Ek voel diversiteit is 'n goeie ding wat geïmplimenteer kan word sonder om die taal (dus kulturele) kwessies aan te val.

Elke persoon is 'n persoon in eie reg, met 'n taal en kultuur in eie reg, en om sulke uitlatings te maak is niks minder as die skending van menseregte op bestaansvlak nie.

Ek ondersteun ons nuwe rektor, maar voel dat sommige van sy uitlatings meer negatief as positief geïnterpreteer kan word, al is dit nie die oorspronklike bedoeling nie.

**Jacques van der Merwe**

## There's something about Valentine's Day

FOR THREE years, I have made it a strict point to avoid walking across campus on Valentine's Day, lest I be subjected to the starry-eyed lovers, walking up from the Neelsie, roses in hand.

This is for fear that I might crack, that I might unconsciously begin to spit at the florist's eager, cash laden customers. I fear that I will become the trigger of a massive campus-wide brawl, sparked by the boiling tensions against those who year after year, without fail, arrogantly exhibit their love and large bouquets in full view of the misty eyed, romantically disadvantaged.

This year I will not flee into the mountains, nor will I dress up in black and join the rest of the ugly people at the Anti Valentines Day Ball – I will do precisely what every other normal single does… hide in bed and sing the score of *Annie*, refusing to attend classes in silent rebellion, praying that the sun will indeed come out… tomorrow.

Valentine's Day is a blatant persecution of the romantically destitute, deprived and dateless masses, there lies an ever so faint hope that one of these years it will all make sense?

Even though the great majority of us despise every moment of the day, why is it that we long to receive cards of anonymous drivel?

Where did all these sharing imported praline chocolates come from? What exactly does Ronan Keating have to do with all this? And the chubby little flying baby with the bow and arrow?

I don't think Cupid is actually real, like Father Christmas, the Easter Bunny or the rector of a university. You are lead to believe he's around because there's quite a big fuss made of him – but you never see him, do you?

So love is once again in the air, and boy oh boy, does it smell like sh*t. Any first year psychology student will be able to tell me that my pains are routed in a deeply seated longing to be party to these celebrations…

I am not sure what I would reply, but I will most probably just bite my tongue and wish him or her a Happy Valentine's Day.

**Ryan Howard**

## Wil jy op jou ma en pa se Stellenbosch swot?

ELKE JAAR, net voor die universiteit weer open, is daar weer 'n vlaag van briewe in *Die Burger*, geskryf deur nostalgiese oud-Maties, oor die wondere van doop.

Die grootste pro-doop argument wat die pershaarbrigade uithaal, is dat 'n bietjie sukkel goed vir die siel is – dit maak jou 'n beter mens. Ek wil nie my volk beledig nie, maar dit lyk asof ons Afrikaners van die Groot Trek tot by die Angola Grensoorlog maar 'n spul *suckers* vir *punishment* is. As om te sukkel jou inderdaad 'n beter mens maak, sal die horde hawelose straatkinders in Stellenbosch nou almal gomsnuifende Gandhi's wees.

'n Doopkaptein is nie 'n sielkundige wat jou help om jou ideale te realiseer nie. Jy weet seker self dat doop niemand se persoonlikheid verander nie.

Almal noem die dilemma dat die verwydering van doop 'n impak gaan hê op die studentepret op Stellenbosch. Ek stem saam dat niemand wil swot by 'n vervelige universiteit waar niks aangaan nie, maar kom nou: wat het doop te doen met studentepret? Doen jouself 'n guns en moenie Stellenbosch jou pa en ma se universiteit probeer hou nie. Dink vir jouself.

Oor 40 jaar van nou af gaan die US nie doop hê nie; jy kan dit net sowel nou agterkom. Anders is jy een van daardie Tannies wat elke week briewe aan *Die Burger* skryf oor "die studentepret in die goeie ou dae".

**Frank Olivier**

Enigiemand mag 'n brief aan *Die Matie* skryf. *Die Matie* hou egter die reg voor om briewe te verkort. Geen naamlose briewe word gepubliseer nie, en die name van skrywers onder skuilname sal vertroulik hanteer word. Kort briewe geniet voorkeur.

# Ons rock-chick word *famous*



Adriaan Basson

KWYTRAAK

## KAREN ZOID

"DAAR IS nog 'n groot massa verkrampte Afrikaners en dis lekker om met hulle te f*k".

Dis elfuur in die oggend en Karen Zoid, Afrikaans se eerste rock-chick; ons eie Suzanne Vega, Sheryl Crow of Suzi Quattro, probeer verduidelik wat haar dryf om die kitaar te slaan.

Ons sit op die stoep van haar pa se luukse strandhuis aan die Kaapse Suidkus en drink koffie terwyl onweerswolke oor die see kruip en dreig om die pret van honderde jongmense, by wie se Oujaarspartytjie haar band moet speel, te bederf.

Dit is moeilik om te glo dat die vrou wat oorkant my sit die een is wat al met 'n Voortrekkerrok en kitaar op die verhoog geklim, musiektoerusting tydens 'n show in egte Kurt Cobain-styl stukkend geskop het en die hele land aan die gil het "Babe is jy nog lief vir my?!".

Vanoggend lyk sy besonder bedees met haar swart donkerbril en nat blonde hare terwyl sy aan 'n Gauloises Blondes teug, oor die see tuur en tevrede praat oor die jaar wat verby is.

Op 23 het sy binne 'n jaar gevorder van 'n derdejaarstudent aan die bekende dramaturg en regisseur Deon Opperman se filmskool in Johannesburg tot Afrikaans se mees opwindende musikant en menigtes se kultusfiguur.

Valiant Swart het vroeg verlede jaar op LitNet gevra of daar nie 'n vrou is wat in Afrikaans wil rock nie. Want met die Koos Kombuise, Anton Goosens en Piet Bothas stewig in die saal, was dít nog altyd die groot leemte in Afrikaanse musiek.

Met haar debuut CD, *Poles Apart*, het Karen egter dié gaping met mening gevul. Eers bekend as "die *chick* wat 'n *retro-version* van 'Afrikaners is plesierig' doen", het die klanke van die Karen Zoid-band gou Suid-Afrika se radiostasies met groot welslae getref.

Die twee *Geraas*-musiektoekennings wat sy ontvang het – as beste nuweling en vir die beste rock-album – het die kroon gespan op haar goue jaar.

"Die toekennings het baie vir ons beteken. Ek het nie in my wildste drome gedink ons gaan so goed doen nie. Dit is 'n erkenning van die industrie en bewys ons het 'n plek langs Patricia [Lewis] en die ander."

Maar soos 'n mens só dikwels hoor en in biografieë lees is die paadjie na sukses gewoonlik kronkelrig en vol duwweltjies besaai.

Toe Karen Greeff tien was is haar ma aan kanker dood en sy het tydens haar tienerjare telkens van die huis af weggeloop. Op skool het sy 'n erge dwelmprobleem gehad, maar na slegte ervarings opgehou om dwelms te gebruik.

Sedertdien spreek sy haar sterk teen dwelmgebruik uit en spog tydens die onderhoud dat haar band se "neuse skoon is".

Ná sy by 'n kunsskool in Johannesburg was, wou sy met mag en mening musiek gaan swot. "My pa het gesê dis te *risky* en ek is filmskool toe."

In die tyd was sy deel van Bad Weather – 'n punk *girl band* waar sy haar rock-tande verder kon sny. "Ek wou egter meer rock en *folky* goed doen en het vir Jono (die Karen Zoid-band se eerste dromspeler) ontmoet."

Toe ontmoet sy vir Don Reinecke op die strand en ná sy hom hoor kitaar speel het was die skrif aan die muur: Karen kon haar droom bewaarheid en professioneel musiek maak.

'n Kontrak by EMI later en *Poles Apart* was op die rakke. En so anders as baie ander plaaslike CD's is dit 'n uiters professioneel en goed versorgde produk.

Haar *songs* lewer kommentaar op kwessies soos Vigs, dwelms, prostitusie en armoede. En dít in Afrikaans.

"Ons generasie is nie *political* nie. Kuns moet nou die invloed op mense hê wat politiek destyds gehad het."

"Die rand is laag en die nuwe *government* is net so k*k soos die ou een. Ek het nie in die vorige verkiesing gestem nie – die mense *offer* my niks.

"As individue *missions* maak, kan dit werk."

Maar wat is haar *mission*? En wie is die teikengroep?

"Ek sing vir Suid-Afrikaners. Party mense verkies my Afrikaanse *songs*. Ander verkies die Engelses.

"Maar dis nodig vir Afrikaners om 'n paradigmaskuif te maak.

"Die mense wat debatte hou oor die 'taal' is so klein en die ander wat elke jaar na dieselfde vakansieplek toe gaan, braaivleis hou, van k*ffers praat en brandewyn drink, is so groot. Dis húlle kinders vir wie ek sing."

"Ek wil nie gesag afdwing nie, maar weet ek kan nou iewers gaan staan, iets sê en mense gaan verskillend daarop reageer. Dis *great*!"

Sy plaas 'n hoë premie op die professionaliteit en bestuur van haar band. "Ek het voorheen my gat gesien met *management* en agente. Daar is soms steeds *hick-ups*."



Foto: DARRYL HAMMOND vir *Beeld*

Oor die ondersteuning wat hulle van die Suid-Afrikaanse publiek ontvang het sy baie te sê.

"Baie Suid-Afrikaners verstaan nie die *art form* nie. Vir hulle is daar geen verskil tussen 'n *band* en karaoke *girls* met 'n *back track* nie," sê sy met 'n sweempie bitterheid.

"Maar ons generasie Afrikaanse jongmense *support live* musiek en bands," herstel sy die somber atmosfeer met 'n blymoedige gedagte.

"Dis wat *cool* is van Stellenbosch en Pretoria se studente - hulle verstaan die *mission*. Hulle is bereid om R30 vir 'n *show* te betaal."

Karen glo dat dit nie net blonde poppe met kort rompies en skoongesig *boybands* is wat geld uit musiek kan maak nie, maar rock-bands ook.

